June 18, 2003
Volume 1, Issue 4

# Informa *Express*

*Universiteit van die Vrystaat --- University of the Free State --- Yunivesithi ya Freistata*

## Draaistrategie steeds op spoor

Met die draaistrategie wat vanjaar reeds moontlik die teikens gaan bereik wat vir 2005 gestel is, kan die universiteit sy aandag nou ten volle wy aan sy volgende stel uitdaginge, naamlik gehalte, dienslewering en groeibestuur, sê prof. Niel Viljoen, Hoofdirekteur: bedryf.

Die streng koste-beheer wat in werking gestel is en die sterk groei in studentegetalle het in die afgelope boekjaar daartoe gelei dat die totale inkomste met 14,7% geklim het van die R477,5 miljoen in 2001 tot die R560,1 miljoen in 2002. Daarteen het die totale uitgawes net met 13,3% van 398,9 miljoen tot R451,8 miljoen gestyg.

Die jongste raming is dat die verhoogde doelwit van R105 miljoen wat vir 2005 gestel is, reeds vanjaar bereik sal word. Hiervan is R20 miljoen vanweë kostebesnoeiings en R85 miljoen kan toegeskryf word aan groter inkomste vanweë hoër studentegetalle.

Die hoofkenmerk van die 2002-boekjaar is dat die voordele van die draai-strategie begin deurwerk het na meer fasette van die universiteit en veral ook na personeelvergoeding.

Dit het dit moontlik gemaak om met die vakbonde ooreen te kom op 'n salarisaanpassing van 11,8% vir 2002, sowel as 'n bonus van R1 000 vir elke personeellid. Van die uiteindelike verhoging van 11,8% was 6,5% ten opsigte van `n inflasie-aanpassing en 5,3% `n reële (meer-as-inflasie-) verhoging. Dit is in 2003 opgevolg met 'n 11%-verhoging, wat ongeveer 2% bokant die inflasiekoers blyk te wees**.**

As gevolg van die sukses van die draai-strategie kon R52,4 miljoen beskikbaar gestel word vir die uitbouing van die strategiese fokuspunte vir 2002, naamlik.

- die UV as universiteit van voorkeur
- gelykberegtiging en billikheid
- herstrukturering van hoër onderwys, en
- finansiële volhoubaarheid.

Prof. Viljoen sê met verstellinge aan die mediese fonds kon die geprojekteerde tekort van R113 miljoen vir toekomstige verpligtinge afgebring word tot R100 miljoen.

Sonder die verstellinge sou die tekort R130 miljoen beloop het.

## Appèlregter Leo gaan eredoktorsgraad kry

Die Raad van die UV het met sy vorige vergadering goedgekeur dat 'n eredok-torsgraad in Regsgeleerd-heid aan appèlregter Leo-nora van den Heever (77) toegeken word.

In die aanbeveling is gesê dit is gepas dat die UV erkenning verleen aan die uitsonderlike bydrae wat sy deur middel van haar baanbrekerswerk gelewer het tot die erkenning van die vrou, nie net in die regsbe-roep nie, maar ook die samelewing in die algemeen.

Haar regsloopbaan het in Julie 1945 begin toe haar pa, die regter en digter Toon van den Heever, as waarnemende appèlregter in Bloemfontein aangestel is, en sy opvolger, regter C.P. Brink, haar as regtersklerk geërf het. Sy het twee jaar later as regtersklerk by haar pa ingeval en in die tyd ook ingeskryf vir 'n LL.B aan die UV. Dit het sy in 1952 gekry en is in 1952 as advokaat in Bloemfontein toegelaat. Sy het in 1968 senior advokaat geword, die eerste vrou in Suid-Afrika om dit te verwerf en het in 1969 as regter in Bloemfontein waargeneem. Van Julie 1969 is sy as regter in Kimberley aangestel, die eerste vroulike regter in Suid-Afrika se geskiedenis en twee dekades sou verloop voordat die volgende vrou op die regbank aangestel sou word.

Sy is op 31 Oktober 1991 permanent in die Appèlhof aangestel.

## Aangestel

■ Dr. W.H. Kruger is aangestel as Medeprofessor, Hoofspesialis en Hoof van die Departement Gemeenskaps-gesondheid
■ Dr. M.G.L. Spruyt is aangestel as Senior Lektor, Hoofspesialis en Hoof van die Departement Kliniese Sorg.

## New councilor

■ Mr Mojalefa Joseph Matlole, City Manager, is the new councillor who will represent the Mangaung Local Municipality on the Council of the UFS.

***Kontak ons met nuus::***

Leatitia Pienaar 9188
Anton Fisher 2749
Karen Minnaar 3422
Informa.stg@mail.uovs.ac.za

## Huis verkoop

Die rektorswoning in Heuwelsig is vir 'n bedrag van R1,03 miljoen verkoop, is onlangs op die Raadsvergadering berig.

## Hou dié intreeredes dop

**30 Julie**: Prof. R.L. Verhoeven, C.R. Swart-senaatsaal: *Die biologie van stuifmeel.*

**13 Augustus**: Prof. L.T. (Theo) du Plessis, Eenheid vir taalfasilitering en bemagtiging, C.R. Swart-ouditorium: *Onderweg na 'n Babelse werklikheid? Kritiese perspektiewe op taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika.*

**17 September**: Prof. Piet Erasmus, C.R. Swart-ouditorium: *Antropologiese spel met identiteit(e): selfrefleksie op die Afrikaner.*

**15 Oktober**: Prof. W.J. Swart, Departement Plantpatologie, C.R. Swart-ouditorium.

**21 April 2004:** Prof. André Wessels, Departement Geskiedenis, C.R. Swart-ouditorium.

## Dagboek nou al

**9 -13 Julie**: Volksblad-Kunstefees op kampus

**9 Augustus**: Intervarsity teen die Pukke by Kovsies

**12 September**: Gradeplegtigheid (14:30)

**12 September**: Kanseliersete (19:00)

**27 November**: Gradeplegtigheid (14:30)

## Be wise with GroupWise, anywhere, any place

**The place**: St Petersburg
**The time**: Long leave, summer in Russia
**The problem**: You are waiting for the promotion, but nobody can reach you
**The solution**: Get to an Internet café and log on to your GroupWise e-mail on campus.

With the new GroupWise e-mail system purchased by the UFS it will be possible to be anywhere in the world and manage your communication and documentation.

Mr Anton Pienaar, system programmer, says the UFS bought GroupWise under a license agreement, which means individual departments/ staff need not to budget for it separately. The plan is to move the whole campus to the new e-mail system by the middle of next year.

How do you get it? The new system is just a click away on your computer. *Anton answers all the main questions in the following section:*

**What is GroupWise?**
GroupWise is a new program installed on the campus network that will replace Pegasus Mail by mid 2004. GroupWise has an e-mail programme, a Calendering/ Diary and mobile work tool. It also enables you to access your mail at home or anywhere else in the world where there is Internet connection.

**Why have we decided to change?** Sadly the present mailer has not kept pace with the new technologies available in the IT industry today. Demands made by Staff have made the present mailer obviously lacking in functionality. It is also bad practice to have two principal mailers within an organisation. Considering this, a choice had to be made between Pegasus and GroupWise. GroupWise is a collaboration product from Novell.

**How do I get GroupWise?**
You already have a GroupWise mailbox that has been created by Computer Services. You need to install the GroupWise Software client on your PC. This software has been purchased by the University and has been funded from the central budget. This means you do not have to pay for the GroupWise account.

**How do I install the GroupWise Client on my PC?** If you log into the network using your user ID you will notice the Novell Delivered Applications. There you will find an icon called GroupWise 6 Install or upgrade. Double click on the icon and follow the basic instructions. Your PC will restart at least once during this process. You will know the software is on your PC when your see a light blue icon that resembles a globe.This installation is dealt with in a show and tell session.

**Do I have to use the GroupWise client on my PC?** No, you do not. You can use the Web access for GroupWise.

**What is GroupWise Web access?** This is one of the many exciting features of GroupWise. You can access your GroupWise from any PC that is connected to Internet. By simply typing **mail.uovs.ac.za** (note: do not type www) in the browser and logging in to the web page using your GroupWise user ID and password you will gain all the functionality.

**Is there going to be GroupWise training?** Yes, a regular training schedule will be arranged in one of the training labs. This schedule will be communicated to you using the internal information service. The Manuals for GroupWise are available on the Novell Delivered Application screen under self study.

**Can I purchase a manual for GroupWise?** Manuals can be purchased. If you want a manual please mail pienaara.rd@mail.uovs.ac.za for pricing and ordering information. You can also refer to Novell Delivered Application screen under self study.

**What happens to my old e-mail address?** Your mail that you receive in Pegasus Mail will be relayed to the new GroupWise address. This service will only be in effect for a period of 12 months or until June 2004. Remember that you must notify all the recipients that your old address is no longer valid. *This will only happen by written request to Computer Services room 55.*

**What about the data on my Pegasus Mail?**
Unfortunately there is no easy way to copy, export or transfer this to GroupWise. Stored e-mail in Pegasus can simply be forwarded to the GroupWise address. Your address book will have to be manually replicated in GroupWise.

**Will Pegasus be discontinued eventually?** Yes, the use of Pegasus will stop completely in June 2004.

**What are the main features of GroupWise?** GroupWise Mail, GroupWise Web Access, GroupWise Calendar/Diary sharing, GroupWise remote access, free use of GroupWise client at home, Secure encrypted data transfer, Cell phone e-mail reader.

■ Call Joey Jacobs at extension 2811 to activate your mailbox.